education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 12

JUNIE EKSAMEN

VRAESTEL 1

REKENINGKUNDE

JUNIE 2023

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye
'n formuleblad en 'n 8-bladsy antwoordboek**.**

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ‘n FORMULEBLAD vir die finansiële aanwysers is aan die einde van die vraestel vir jou verskaf. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood OF blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon berekeninge tot die EERSTE desimale syfer.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die onderstaande tabel as ’n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE hiervan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDGIDS
1	Maatskappy finansiële state en vastebatenota	65	55
2	Kontantvloeistate en finansiële aanwysers	40	30
3	Vertolking of Maatskappy Finansiële Inligting	35	25
4	Korporatiewe bestuur	10	10
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE EN NOTAS

(65 punte; 55 minute)

1.1 **JULIANA BPK.**

Jy word voorsien van inligting vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

Stel die volgende vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 op:

1.2.1 Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat). (31)

1.2.2 Notas tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat).

- Gewone aandelekapitaal (8)
- Behoue inkomste (8)

1.2.3 Ekwiteit en Laste afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat). (18)

A. Saldo's/Totale op 28 Februarie

	2023	**2022**
Gewone aandelekapitaal	10 800 000	7 200 000
Behoue inkomste	675 900	?
Lening BNF Bank	**?**	1 975 800
Handelskrediteure	779 200	
SAID: Inkomstebelasting: (voorlopige betalings)	345 000	
Aandeelhouers vir dividende	264 000	
Verkope	**?**	
Koste van verkope	5 580 000	
Huurinkomste	255 500	
Salarisse en lone	986 550	
Ouditfooie	112 800	
Direkteursfooie	833 000	
Advertensies	39 980	
Diverse uitgawes	766 260	
Rente op vaste deposito	**?**	
Rente op lening	277 200	

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

(i) **Verkope van goedere:**
Die onderneming handhaaf 'n winsopslag van 75% op kosprys. Neem kennis dat ou goedere wat R180 000 gekos het (ingesluit in koste van verkope), verkoop is teen 20% onder die kosprys.

(ii) **Huur:**

'n Stoorkamer word sedert 1 Maart 2022 verhuur. Die huur verhoog met 15% op 1 Januarie 2023. Die huur is vir 14 maande ontvang.

(iii) **Ouditgelde:**

80% van die jaarlikse fooie is betaal.

(iv) **Direkteursfooie:**

Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde fooie verdien. Een direkteur is slegs vir 10 maande betaal.

(v) **Advertensies:**

Advertensies bestaan uit 'n kontrak met 'n koerant vir die hele finansiële jaar. Betalings word maandeliks gedoen en is slegs vir 11 maande betaal. **NEEM KENNIS:** Die maandelikse bedrag verminder vanaf 1 November 2022 met R240.

(vi) **Lening BNF Bank:**

- Vaste maandelikse terugbetalings, insluitende rente beloop R33 500 vir die volle duur van die leningstermyn,
- Rente gekapitaliseer beloop R277 200 vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023.
- Rente vir die volgende finansiële jaar is na verwagting R246 000.

(vii) **Inkomstebelasting vir 2023:**

- R41 100 is steeds aan die SAID verskuldig.
- Die netto wins na belasting beloop R900 900.

(viii) **Aandelekapitaal en dividende**

Gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 000 000 gewone aandele

1 Maart 2022	60% van die aandele is reeds uitgereik.
1 Julie 2022	100 000 aandele word teruggekoop teen R15.
31 Augustus 2022	Interim (tussentydse) dividende teen 24 sent per aandeel is betaal.
1 Desember 2022	300 000 aandele is uitgereik.
28 Februarie 2023	Finale dividend is verklaar.

65

VRAAG 2: VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS
(40 punte; 30 minute)

2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Die gebruik van lenings om 'n maatskappy te finansier, staan as (winsgewendheid/opbrengs/hefboom) bekend.

2.1.2 (Solvensie/Likiditeit/Risiko) is die onderneming se vermoë om alle skuld af te betaal met gebruik van bestaande bates.

2.1.3 Effektiewe beheer van inkomste en uitgawes is 'n weerspieëling van (risiko/winsgewendheid/likiditeit). (3)

2.2 **LONGDIVE BEPERK**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2023.

GEVRA:

2.2.1 **Verwys na Inligting A.**

Bereken die ontbrekende bedrae aangetoon deur (i) tot (iii) op die Nota vir Vaste Bates (11)

2.2.2 Bereken die volgende bedrae vir die 2023 Kontantvloeistaat:

- Inkomstebelasting betaal (4)
- Dividende betaal (4)

2.2.3 Voltooi die NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE afdeling van die Kontantvloeistaat. (4)

2.2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 28 Februarie 2023:

- % Winsopslag behaal (3)
- Vuurproefverhouding (4)
- Netto batewaarde per aandeel (NBW) (3)
- % Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit (OOAB) (4)

INLIGTING:

A. Nota vir Vaste Bates tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat):

VASTE BATES	VOERTUIE R	TOERUSTING R
Drawaarde (1 Maart 2022)	**(i)**	30 000
Kosprys	2 640 000	660 000
Opgehoopte waardevermindering	(990 000)	(630 000)
Beweging		
Toevoegings	0	156 000
Bateverkope teen drawaarde	**(ii)**	0
Waardevermindering	(298 000)	**(iii)**
Drawaarde (28 Februarie 2023)		
Kosprys		
Opgehoopte waardevermindering		

- Addisionele toerusting is op 1 September 2022 aangekoop.
- Waardevermindering op toerusting beloop 10% p.j. op kosprys.
- 'n Ou voertuig is op 30 November 2022 teen drawaarde verkoop. Die kosprys van die voertuig beloop R286 000 en die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2022 beloop R192 000.
- Waardevermindering op voertuie teen 20% p.j. op die drawaarde.

B. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste (inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023:

Verkope	R12 900 000
Bruto wins	4 300 000
Inkomstebelasting	288 000
Netto wins na belasting	612 000

C. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat):

	28 Febr. 2023 R	28 Febr. 2022 R
Vaste bates (drawaarde)	**?**	**?**
Aandeelhouersekwiteit	9 960 000	8 640 000
Voorraad	555 500	456 000
Debiteurekontrole	970 500	
Kleinkas	9 000	6 000
Bank	111 800 **(Kt.)**	69 000 **(Dt.)**
SAID: Inkomstebelasting	29 550 **(Kt.)**	18 800 **(Dt.)**
Aandeelhouers vir dividende	332 500	190 000
Totale bedryfsbates	1 535 000	
Totale bedryfslaste	653 000	

D. Aandelekapitaal:

- Daar is 1 000 000 aandele reeds op 28 Februarie 2023 uitgereik.

E. Dividende:

- Tussentydse dividende van R? is op 31 Augustus 2022 betaal.
- 'n Finale dividend is op 28 Februarie 2023 verklaar.
- Totale dividende vir die finansiële jaar beloop R585 300.

40

VRAAG 3: INTERPRETASIE VAN FINASIËLE INLIGTING (35 punte; 25 minute)

CANDY BPK. EN COLA BPK.

Shadow wil geld in EEN van die maatskappy belê. Wanneer die onderstaande vraag beantwoord word, vergelyk die inligting verskaf en haal relevante finansiële aanwysers (met persentasies/verhoudings en/of bedrae) vir beide maatskappye aan.

GEVRA:

3.1 Shadow is van mening dat Candy Bpk. beter kontrole oor haar netto bedryfsbates en likiditeit het. Verduidelik waarom sy so voel. Haal DRIE finansiële aanwysers aan. (6)

3.2 Lewer kommentaar oor die graad van risiko en hefboom van elke maatskappy. Verduidelik hoe dit Shadow se keuse van 'n maatskappy sal beïnvloed. (8)

3.3 Sy is van mening dat die verdienste per aandeel (VPA) van Candy Bpk. van 520 sent eintlik beter is as die 690 sent van Cola Bpk. Verduidelik waarom haar redenasie korrek is. (3)

3.4 Lewer kommentaar op die waarde van die aandele van die twee maatskappye op die Johannesburg Sekuriteitebeurs (JSE). Verduidelik waarom dit Shadow se keuse van maatskappy kan beïnvloed. (6)

3.5 Vergelyk en lewer kommentaar oor die dividend uitbetalingsbeleid van die twee maatskappye. (6)

3.6 Behalwe vir bostaande punte, verduidelik waarom Shadow ook na die onderstaande punte sal kyk indien hy in 'n maatskappy wil belê. Verskaf 'n rede vir elke verduideliking.

- die tipe ouditverslag en kommentaar (3)
- die reputasie van die direkteure (3)

INLIGTING:

	CANDY BPK.	COLA BPK.
Bedryfsverhouding	1,9 : 1	0,8 : 1
Vuurproefverhouding	0,8 : 1	0.3 : 1
Omsetsnelheid van voorraad	6 keer	4 keer
Gemiddelde debiteure invorderingstermyn	30 dae	39 dae
Gemiddelde krediteure betalingstermyn	60 dae	60 dae
Skuld-ekwiteitverhouding	1,2 : 1	0,5 : 1
Verdienste per aandeel (VPA)	520 sent	690 sent
Dividend per aandeel (DPA)	130 sent	690 sent
Opbrengs op totale kapitaal aangewend (OOTKA)	18,1%	10,3%
Opbrengs op aandeelhouersekwiteit (OOAB)	19,3%	7,5%
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	780 sent	1 100 sent
Markprys van aandele op die JSE	650 sent	1 200 sent
Rentekoers op lenings	13%	13%

35

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR (10 punte; 10 minute)

4.1 Die raad van direkteure het verskillende komitees met verskillende funksies. Kies die funksie in KOLOM B wat by die komitee in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK.

	KOLOM A	KOLOM B	
4.1.1	Ouditkomitee	A	Hersien salarisse, bonusse en ander verdienstes.
4.1.2	Vergoedings-komitee	B	Verantwoordelik om op 'n gereelde basis risiko-assessering uit te voer.
4.1.3	Sosiale en etiese komitee	C	Verseker dat die aanstelling van 'n ouditeur voldoen aan die Maatskappywet en ander toepaslike wetgewing.
4.1.4	Risikokomitee	D	Monitor die impak van die openbare aktiwiteite en sy produkte of dienste op die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid.

(4)

4.2 Noem TWEE partye wat in ‘n maatskappy se ouditverslag geïnteresseerd sal wees. (2)

4.3 Aan wie is die ouditverslag gerig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

4.4 Gee TWEE voorbeelde van ouditbewyse wat die ouditeure sal benodig om die oudit af te handel. (2)

10

TOTAAL:150 PUNTE

GRAAD 12 REKENINGKUNDE-FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS	
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates **:** Totale laste	Bedryfsbates **:** Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste	Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang
(Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.	

Kopiereg voorbehou